Sondag 13 September
Skrifgedeelte Titus 2:1-15 (AFR83)
Fokusgedeelte: Titus 2:11-13

Beoefen geduld in die (gebroke) wêreld in afwagting op die gelukkige dag

'n Ontstellende prentjie van 'n samelewing in 'n diepe moraliteitskrisis – dis die indruk wat mens van Suid Afrika kry! Dit was ook die krisis op die eiland Kreta waar die gelowige Titus moes woon en werk ...

*Wat gemaak, Christen?* Ons sou kon onttrek ... emigreer na 'n ander land, of (soos baie van ons doen) *innerlik*, *na binne*, *emigreer* ... jouself losmaak van die samelewing, en vingerwysend en veroordelend die spulletjie gade slaan – vanuit jou "heilige hoekie".

Ons sou ook, gebalde vuis in die lug, kon skree: *Genoeg is genoeg!* En ja, dit is nou genoeg! Iets moet gedoen word, nie net deur die leiers van ons land nie, maar ook deur ons, Christene!

In dié dreigende chaos herinner Paulus ons aan *die genade van God se verlossing wat vir alle mense verskyn het*! Is dit nie die antwoord nie? Christene, oorgehaal en bereid om te leef vanuit die oortuiging dat hierdie verlossingsgenade vir alle mense bedoel is!

En luister wat doen *God se genade*? God se verlossingsgenade in Christus voed ons op ... en bevry ons ook van die vernietigingsdrang van selfsugtig leef. Dit verander, in die eerste plek, vir my en jou, Christen, self ... om anders te begin doen in ons samelewing! Dit leer en vervul ons met goddelike krag om ons *goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar*, en te vervang met die tweede deel van God se opvoedingsprogram vir ons ontaarde samelewing, naamlik dat ons *met selfbeheersing*, *opregtheid en godsvrug sal leef*.

Dit vra eenvoudig dat ek en jy onselfsugtig, gehoorsaam aan die Here in sy Woord (die goeie) sal leef, sodat ander God se verlossing in ons eie lewens sal opmerk.

Sulke optredes wys dat ons geduldig wag op die deurbreek van God se genade in (en vir) hierdie wêreld ... en dat ons werklik *uitsien na die gelukkige dag waarop die heerlikheid van die grote God en Verlosser, Jesus Christus, sal verskyn*.

*Sing: Lied 190:1*

*Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*